durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

5 Mei 2019

**5 Mei 2019**
**Preekreeks TRINITEIT: SEUN**
**Arbeidsondag,**
**Sinodale Bid– en Dankdag**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Kobus de Jager*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Kobus de Jager*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**
*Ds. Johan Els*

**Deuroffer: Arbeidsbediening**

'n Diensarm van Christelike kerke wat alle mense in die werksplek landswyd ondersteun.

**12 Mei 2019, MOEDERSDAG**
**Preekreeks TRINITEIT: SEUN**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**
*Arno Mattheus*

**Deuroffer: Lidmaatuitreike**

## NUUS:

7 Mei: Identiteit In Christus kursus skop af
9 Mei: Seniorsorg Toerusting
12 Mei: Moedersdag
13-17 Mei: WK Sinodesitting
18 Mei: Betesda-mark
20 Mei: Kerkraadsvergadering
21 Mei: Doopkategese
Vinkel & Koljander mark
30 Mei: Hemelvaart Diens
om 19:00




**Eienskappe van Jesus**

**Sy teenwoordigheid**
En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld. Matteus 28:20

Dit is goed om te weet dat God by jou is, maar onthou dat Jesus se teenwoordigheid op sy sterkste sigbaar is onder die mense van sy kerk. Indien jy verlang na intieme kontak met Jesus, indien jy die seën van sy teenwoordigheid wil beleef, sal jy Hom tussen sy mense kry.
Die nabyheid van Jesus is 'n gawe aan jou. Jy sal agterkom hoe naby Hy is terwyl jy jou Bybel lees, en Hom opsoek in gebed. Hy is daar om te troos, uit te daag en te verander. Hy is nie net 'n geskenk aan jou nie, maar ook aan die kerk. Om die volheid van Jesus se teenwoordigheid te beleef, moet jy saam met Hom en sy kerk loop. Hy is nooit ver van die kerk af nie.

**Sy kerk**
Op hierdie rots sal Ek my kerk bou en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.
Matteus 16:18

Ondanks al die kreatiwiteit, toewyding en moeite van God se mense in die kerk, kan hulle dit nie laat groei nie. Slegs die Here vermeerder. Dit wat God bou, kan nie deur die wêreld of die duiwel verwoes word nie. Dit is omdat die fondasie nog 'n waarheid is: die kerk behoort aan Jesus.

**Sy sendingopdrag**
Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels. Matteus 28:19

Mat. 28 gee die duidelikste uiteensetting van die kerk se sending. God roep die kerk om dissipels te maak. Ware dissipels sal nie nalaat om gasvry, ruimhartig, diensbaar en opofferend te lewe nie omdat hulle die heerlikheid en goedheid van God weerspieël en behoeftiges help. Maar die grootste behoefte is dat mense God leer ken en verander word deur die vernuwing van hulle gees. As jy 'n duidelike visie van die kerk het, sal jy nie selfgesentreerd raak in jou geestelike lewe nie. Die opdrag is nie net om 'n dissipel te wees nie, maar om dissipels te maak.

**Hoe bid ons?**
Bid tot Jesus, die Hoof van die Kerk
"Aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk." Efesiërs 1:22

"Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk." Efesiërs 5:23

**Hoe luister ons?**
Bid oor die volgende vrae:

- Wat leer die naam Hoof van die Kerk vir my van Jesus?
- Wat leer die naam Hoof van die Kerk vir my van myself?
- Wat kan ek nou gaan doen, omdat ek Jesus se naam Hoof van die Kerk beter verstaan?



**Hoe leef ons?**

- Hoe moet ons dit verstaan dat Jesus hemel toe gegaan het maar tog ook elke dag daarna met sy dissipels is?
- Hoe help die kerk (medegelowiges) julle om te glo dat Jesus lewe en met ons is?
- Hoe troos en versterk dit julle in moeilike tye om te weet dat Jesus by julle is?
- Op watter maniere kan ons andere help om ook dissipels van Jesus te word?

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte op ons voorstoep





### BERGSIG BREIPROJEK

Ons het wol aangekoop en nooi almal om saam te brei om aan iemand 'n bietjie ekstra warmte te verskaf in hierdie winter.

Daar is wol en patrone (sokkies en mussies) in die voorportaal beskikbaar. Serpe is ook welkom.

Breiwerk wat teen 10 Junie ontvang word, kan bv. vir die Merweville Uitreik tydens die skoolvakansie gebruik word.

Daar is ook deurlopend behoeftes by bv. Ouetehuise.

(Ons is vir eers klaar met die kombersie-blokke projek)

## Zithulele besoek Oos-Kaap

Bergsig, Durbanville en Kenridge NGK gaan weer na Zithulele toe. Ons is in 'n vennootskap om saam met Zithulele VGK te werk om die gemeenskap in vakansietye te dien. Ons dien op drie praktiese maniere:

- Instandhouding van die pastorie.
- Winterskool vir die graad 11's en 10's by Seaview Hoërskool in spesifiek Wiskunde, Natuurwetenskap, Lewenswetenskap (Biologie) asook Engels.
- Verhoudingsbou deur o.a. huisbesoeke en hospitalbesoeke.

**Vinnige feite:**

- Koste R3000 pp.
- Vertrek: 15 Junie 2019, 04:00 vanaf NG Kenridge.
- Terugkoms: 23 Julie 2019, ±18:00 by NG Kenridge.
- Hoërskool leerders & jong volwassenes leer baie uit die vakansie bediening.

Kontak Ds. Wynand Breytenbach vir meer inligting 071 640 9797







Die HART van Bergsig word ervaar in ons uitreik/missionale spoor. 1 Mei het lidmate van die uitreikprojekte besoek om meer te ervaar van die bediening.



Seisoen 1 van die Amazing Reis Uitreik het klein begin, maar groei hopelik totdat elke lidmaat van Bergsig ten minste een maal daaraan deelgeneem het. Die inisiatief lig toe hoe die Geloofsgelofte-Offer gelde verdeel word vir uitreike. **Foto by Spes Bona put** (v.l.n.r) Dirk Swanepoel, Niel Kotze, Dogtertjie, Ds. Philip Scholtz (middel), Johan Swanepoel en Spes Bona lidmate.




Ysterplaat gemeenskapskerk bied elke jaar vir ongeveer 200 kinders tussen die ouderdom van 6-11 jaar 'n vakansieprogram aan.

Hierdie program behels 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite, soos sing, dans, drama, speel, kuns en Bybellesse. Ysterplaat benodig egter 20 energieke hoërskoolleerders/jong volwassenes wat by hierdie geleentheid elke dag kan dien as leiers.

Ysterplaat is 'n diverse maar komplekse gemeenskap wat uitdagings soos armoede en werkloosheid in die gesig staar. As gevolg hiervan is daar baie kinders wat swaarkry en op jong ouderdom op verkeerde plekke beland. Hierdie jaar gaan Durbanville Gemeente en Bergsig saam na Ysterplaat toe.

**Navrae: Scherlize Hayes Sel/ Whatsapp: 0728444771**
**E-pos: slizehayes@gmail.com**

# Voorbidding

*Bel Ds. Mizelle by 083 394 1101 om deel van die gebedsketting te word of e-pos na: ds.mizelle@bergsigdv.co.za*

## Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Daar is kuur vir sy siekte in Amerika. | Bid vir fondse en toeganklikheid tot kuur verkry word. |
| Maans Goussard | Villa Cortona 40, 083 546 0810 | Kanker | *Herstel en bemoediging* |
| Theo Laubscher | Coblestone 2, 083 233 9199 | Pa oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Wouter Grové (13 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | *Herstel en bemoediging* |
| Henk Laker en gesin | Kapokbergsingel 42, 082 407 1222 | Moeder oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kanker diagnose | *Herstel en bemoediging* |
| Babs Cronjé | Fairtrees 17, 021 979 3019 | Operasie | *Herstel en bemoediging* |
| Magriet Roeland | Fairtrees 12, 072 715 1881 | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |
| Johan Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Herstel na hartaanval | *Herstel en bemoediging* |
| Vickie Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Rugoperasie | *Herstel en bemoediging* |
| JC Smith | Richterstraat 8., 082 563 0408 | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Kanker | *Herstel en bemoediging* |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Beenmurgkanker | *Herstel en bemoediging* |
| Danie en Alida Muller | Zandkloofweg 10, 076 177 7626 | Kanker | *Herstel en bemoediging* |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na: 071 529 9491**

**'n Mooi gebed vir besige mense**

Here, ons het 'n moeë generasie geword!

Ons is moeg gewerk, moeg vir probleme, moeg vir mense.

Ons het veral moeg geword om alles altyd reg te doen.

Om aanvaarbaar te wees, voel ons ons móét te alle tye:

Suksesvol, begaafd en finansieel sterk wees met duidelike doelwitte.

Verder moet ons goeie ouers, lojale vriende, toegewyde familiemense

En betrokke gemeenskapwerkers wees.

Sjoe, dis 'n oorvol mondvol!

Vandag wil ek sommer net by U kom rus

En vra dat U my die regte prioriteite sal wys.

Sal U my help onderskei tussen die dinge wat regtig saakmaak

En die dinge wat die wêreld ons probeer voorskryf?

Ja, help my om te weet wat vir U belangrik is…

Maak asseblief huis skoon met my, Here.

Verwyder die selfopgelegde eise in my oorvol lewe

En leer my om sommer net U kind te wees.

In Jesus naam vra ek dit. Amen

**Laaste kans vir regsitrasie is more!**

## IDENTITEIT in Christus-kursus

**As ek vir jou sou vra, "Wie is jy?" wat sou jy antwoord?**



**Ons sukkel baie meer met hierdie vraag as wat ons dink. 'n Christen kan en moet verseker weet WIE ons is in Christus.**

As jy dit nie weet nie gaan jy altyd NET dit glo wat jou ouers gesê het, wat jy by jou vriende beleef het of hoe jy oor jouself "voel."

God wil graag hê dat ons identiteit in Jesus gevestig sal wees, want dit is die ENIGSTE waarheid oor jou wat 'n EWIGHEID sal vasstaan.

Kom woon gerus die vier weke lange kursus "Die Omgeruilde Lewe" by op:

Dinsdag 7 & Woensdagaande 15, 22, 29 Mei (Aanbieder: Pieter Henning) 18:30 - 20:30 en Vrydagoggende 10, 17, 24, 31 Mei vanaf 09:00 – 11:00 (Aanbieder: Ds. Johan Els)

Koste R100 (notas)

R250 (Volledige Handboek).

**Bel Ds. Johan Els vir meer inligting 084 672 0626**




Op 8 Mei word algemene verkiesings in Suid-Afrika (SA) gehou om 'n nuwe Nasionale Vergadering en provinsiale wetgewers in elk van die nege provinsies te kies. Volgens die verkiesingskommissie van SA (OVK) sal daar vanjaar vier-en-veertig partye op die nasionale stembrief verskyn – dit is 19 meer as die aantal partye wat in 2014 aan die algemene verkiesing deelgeneem het. Dit sal die sesde nasionale verkiesing wees sedert die einde van apartheid in 1994. Verkiesings word elke vyf jaar gehou, met nasionale en provinsiale verkiesings wat gelyktydig plaasvind, terwyl munisipale verkiesings twee jaar later geskied.

Die OVK het berig dat daar nét meer as 26 miljoen geregistreerde kiesers is; 'n toename van die 25.4 miljoen geregistreerde kiesers in die verkiesings in 2014. Volgens *SA Citizen Surveys* (SACS) is minstens 11.2 miljoen Suid-Afrikaners nie geregistreer om te stem nie en die meerderheid van hulle is tussen 19 en 34 jaar oud.

Baie Suid-Afrikaners word geteister deur vrees en hopeloosheid, maar dit hoef nie die geval te wees nie. Volgens *Joshua-project* beskou amper 78% van Suid-Afrikaners hulself as Christene (21.3% evangelies). Die Skrif moedig gelowiges aan om moedig te wees en om instrumente van genesing en versoening in die land waar die Here hulle geplaas het, te wees. Deur gebed, visie en hoop, kan die droom van 'n 'reënboognasie' (een waar diversiteit gevier en omhels word, en nie gebruik word om verdeeldheid en twis te bring nie) 'n werklikheid word. Christene het 'n geweldige verantwoordelikheid om na 'n beter toekoms vir alle Suid-Afrikaners te streef en te werk. Dit is belangrik om te bid dat die Here leiers sal aanstel wat deur geloof leef en die toekoms vanuit God se perspektief, nie vanuit die wêreld se perspektief, sien nie.

Bid asseblief saam met ons vir Suid-Afrika.

BAIE BELANGRIK ֍ BAIE BELANGRIK ֍ BAIE BELANGRIK

**Bergsig is nie meer 'n stemlokaal nie. Die stemlokaal het verskuif na die nuwe gemeenskapskerk af in Bolandstraat.**

**Durbanville en Bergsig Seniorgroep**

Lede wat deel is van die uitstappie op Donderdag 16 Mei 2019 na Buffelsfontein (Weskus) word herinner dat die bus om 10:00 vanaf Bergsig Gemeente sal vertrek.

## HOE MAAK EK 'N VERSKIL?

'n Seminaar oor hoe gemeentes 'n verskil kan maak in 'n samelewing van nood word aangebied op 10-11 Mei in die Khaya, Stellenbosch.

Dr Hancke en Ds Geo de Kock gaan deel hoe 'n missionale gemeente met haar lewe getuienis kan lewer. Kontak Ds Jurie Goosen vir registrasie by 083 2355 920 of per e-pos goosens@isales.co.za

Die NGK het oor die afgelope 100 jaar 'n baie groot missionale spoor gelaat in Afrika en is tot vandag toe nog naas die regering die grootste barmhartigheidsarm in gemeenskappe. Dink byvoorbeeld aan die werk van BADISA en Armoedesorg.

Hoe sal ons die volgende 100 jaar die spoor groter maak? Slegs wanneer ONS MENSE/LIDMATE se harte warm klop vir UITREIKE dan kan ons missionale spoor groei.

Bergsig is geseënd om 'n UITREIKBEDIENING te hê met projekte op Ons Voorstoep en Oor Grense. Elke lidmaat kan kies waar hul betrokke wil raak en of hul 'n nuwe inisiatief wil begin. Die Amazing Race was 'n voorbeeld van hoe ons lidmate graag wil betrokke maak en DIREK wil blootstel aan die werk waarmee ons besig is in die Koninkryk. Ons harte word elke keer geraak wanneer 'n uitreikprojek besoek word. Dit help ons om die Koninkryk beter en meer prakties te beleef.

By die seminaar genoem bo-aan kry ons weer 'n buite perspektief en moedig lidmate aan om dit by te woon en daarna met die UITREIKBEDIENING te skakel sou hul harte aangeraak word om êrens in te skakel.

Om betrokke te raak of meer inligting te bekom besoek die webblad van die kerk of lees die GGO-brosjure of kontak Annamaré Visser: uitreike@bergsigdv.co.za

"EK HET HOOP, want ons woon in 'n land met DAPPER en PASSIEVOLLE MENSE – selfs hul idealisme, wat ongelukkig soms as pessimisme manifesteer, het die potensiaal om ons te onderskei van ander en uitnemendheid te bereik as ons net lank genoeg kan opkyk om te kan sien wat ons reeds bereik het." (Cheryllyn Dudley)







## KIEINGROEP VIER PAASFEES

Die Maranata kleingroep van Bergsig het Paasfees op 'n hoë noot gevier. Hulle het 'n skattejagete gehou waar die fokus was op die hoogtepunte in die Heilige week van Paasfees soos bv. Palmsondag, Goeie Vrydag, die Opstanding en die vreugde wat daarmee saamgaan.



## Waar is dit lekker? Hier is dit lekker!!

Ons Glowsparks lokaal vir kinders 0-3 jaar is die plek by die kerk waar jou peuter kan tuis voel en jy kan deel voel van ons familie sonder die stres van boetie wat onder die kerkbanke deurkruip op pad om sy taai lekkertjie teen die statige tannie se broekpak vas te plak. Kom loer gerus in en ontmoet ander ouers wat speel-speel die diens luister of kom los jou woelwater by ons vir die duur van die diens.



# Pinkster 2-5 Junie 2019

Prediker: Fanie Venter van Kerk Sonder Mure

Sondag 2 Junie (8:15, 10:00 & 18:00)

Maandag 3 - 5 Junie (9:30 & 19:00)
Soggens gratis tee en saans sop & broodjies te koop



## Het jy die gawe van geduld?

Kom leef jou gawes uit in die kinderbediening! Glowkidz benodig mense vir ons 8:15 en 10:00 dienste. Kom bied kinderaktiwiteite aan of kom sit saam met die kinders op die mat en bou verhoudings! Kontak Stephanie by 0832787111 om deel te word van hierdie besondere span!!









Photo: Iran-Daily

## TOERUSTING – STERWENSBEGELEIDING

Dis so swaar om geliefdes soos eggenote, familie en vriende te begelei in hul sterwensproses. Hoe doen mens dit? Hoe help ons? Wat doen en sê mens nie?

Ons wil die swaar makliker maak vir die wat sterf, sowel as vir die wat begelei. Seniorbediening nooi alle belangstellendes na 'n toerustingsgesprek oor sterwensbegeleiding. Kom luister en praat saam, of kom luister net.

**DATUM EN TYD**: Donderdag 09 mei 2019, 10h00

**PLEK:** Durbanville-Bergsig

BELANGSTELLING *een van die raarste & mees opregste vorm van naasteliefde




scan to donate now
zapper donate with VISA and many more
www.zapper.com

## NG Kerk Durbanville-Bergsig

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527